# DIE SKIETLOOD

170ste Uitgawe 27 September 2019 saam met Koersvas 170


In Die Skietlood 168 het die inleidende gespreksdokument rakende die gesprek oor 'volhoubare kerwees' verskyn. Deel van die gesprek is die openingsrede wat belangrike aspekte van die saak aandui. In belang van voortgesette gesprek word die preek hier geplaas.

**Openbaring 1:10-29**

Daar is soveel vrae wat oor en aan die kerk gestel word. Daar is 'n magdom eise en verwagtings wat lewe in die harte van gelowiges. Daar is diegene wat in dwaasheid die kerk afgeskryf het. Hulle self-identifiseer as gelowiges, maar het geen verbintenis tot 'n geloofsgemeenskap nie. Kerke kom, denominasies bestaan, gemeentes word gestig, stig af, stig terug en verdwyn. Tot bly die kerk as fenomeen bestaan. Wie se kerk is dit? Wat is die eienaar se verbintenis met hierdie kerk? Enkele antwoorde kan gevind word in die Openbaring van God aan Johannes.

Ons vind Johannes op die vier-en-dertig vierkante kilometer eiland van Patmos, 'n baken om vir navigasie te gebruik tussen Efese en Rome. Hy is deur owerhede daarheen verban in 'n poging om die uitbreiding van die kerk te kortwiek. Dit het gebeur in 'n tyd toe die keiser-kultus gegroei het en iemand soos Nero dit verpligtend gemaak het om hom te aanbid. Die kerk moes reeds vroeg kies tussen staat en kerk, al was dit nie altyd so 'n blatante keuse nie. Die versoeking om die owerheid van die dag na te praat, was nog altyd daar. Dit is belangrik om net weer ons prioriteite reg te kry. Teenoor die dag afgesonder vir die keiser, vind ons dat die Christene vroeg reeds gepraat het van die eerste dag van die week as die dag van die Here. Jesus se oorwinning oor die dood het van die eerste dag van die week juis die dag van die Here gemaak. Johannes is op die dag van die Here meegevoer; met ander woorde in daardie toestand geplaas waar hy 'n visioen kon sien, Petrus het volgens Handelinge 10:10 'n soortgelyke, verkorte ervaring gehad met die doek wat uit die hemel daal.

Die trompet se helder, duidelik hoorbare klanke het dit die beste instrument van kommunikasie op die slagveld gemaak. Met klipharde trompethelder stem praat die opdraggewer agter Johannes. Waar Petrus deur die visioen oortuig moes word van die wydheid van God se genade, moet Johannes alles wat hy sien, op 'n boekrol neerpen en na sewe gemeentes stuur. Die Griekse woord "εκκλησιαις" kan vertaal word met kerk of gemeente, en die twee terme sal afwisselend gebruik word.. Die sewe kerke is geleë in die stede wat dien as distribusie sentra van Klein Asië en is tussen vyftig en tagtig kilometer van mekaar op die sirkel posroete.

Die visioen moet op een boekrol geskryf word wat beteken dat die hele boekrol in elke gemeente gelees sal word. Hulle gaan met ander woorde kennis neem van mekaar en hulle interne sake, van elke kerk se goeie punte en ook hulle swak punte. Die volgorde van die briewe het met geografiese verspreiding te make, en nie met 'n dalende of stygende lyn van toewyding, of dalk fases in die geskiedenis van die kerk nie. Op 'n tweede vlak van interpretasie moet ons ook kennis neem dat die getal sewe simbolies is van volledigheid of volmaaktheid. Die sake wat in die briewe

aangespreek word, is met ander woorde sake wat deur die eeue in kerke aandag moes kry. Dit maak van die briewe aan die sewe gemeentes gelyk ook briewe wat vir alle kerke van alle tye, tot en met die wederkoms, van belang is.
Johannes draai om, hy wil sien Wie dit is wat met hom praat. Die eerste wat Johannes sien, is sewe goue staanlampe. Die opdrag aan Moses was, volgens Eksodus 25:31, om een goue staanlamp met sewe arms te maak vir die tempeldiens. In die visioen is daar nou sewe goue enkel staanlampe. Die doel van 'n staanlamp is om die omgewing te verlig en van daar die gebruik van staanlampe as simboliese verwysing na gelowiges. Ons lees immers in Matteus 5:16 "*Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik*." Dit is tussen hierdie sewe kandelare wat Johannes Iemand sien beweeg. Hierdie Iemand lyk soos die Seun van die mens, 'n term wat ons reeds in Daniël 7:13 raaklees. Op grond van Jesus se eie verwysings in die Evangelies, weet ons dat hierdie term gebruik word om na Jesus self te verwys, in aansluiting by Daniël wat verwys na die Oue van dae wat aan die einde van tyd sal verskyn.
Hy dra 'n kleed wat tot by die enkels kom, 'n kleed soortgelyk aan die kleed wat in die ou bedeling deur die hoëpriester gedra is. Die taalgebruik en die simboliese kleredrag maak dit duidelik dat Jesus hier as die hoëpriester voorgestel word. Die Ou Testament priester het 'n koord van tou om die heupe gedra. Jesus as Hoë priester na die orde van Melgisedek, dra 'n band van goud om die bors, tekenend van die hoë amp wat die Here beklee. Hy sit immers aan die regterhand van die Vader.
Sy voorkoms word verder beskryf: Sy kop, dit is Sy hare, is net soos die Antieke Een, wit soos sneeu, wit soos wit wol, rein en onbesmet. Die wysheid van die grysheid vermenigvuldig na witheid toe, die waardigheid wat eie aan ervare mense is, dit alles straal uit die voorkoms van die Here. In aansluiting by Sy wyse voorkoms, is Sy oë soos vlammende vure. Dit is oë wat verby die skyn en pretensies van mense kyk, tot in die hart van intensies. Sy indringende insig sien nie net die sewe gemeentes raak nie, dit sien die hele geskiedenis van kerk en wêreld tot in sy wese raak.
Sy voete is suiwer, soliede koper, voete van metaal, 'n simbool wat stabiliteit en mag simboliseer. So anders as die voete van klei van hierdie wêreld waarvan ons lees in Daniël 2:33 en volgende verse. Jesus se stem word dan met 'n volgende beeld verduidelik. Ons lees in Esegiël 43:2 "*En kyk, die heerlikheid van die God van Israel het van die oostekant af gekom; en die geruis daarvan was soos die geruis van baie waters, en die aarde het geglans van sy heerlikheid*." Soos die oorweldigende gedruis van 'n waterval, so klink dit wanneer Hy praat.
In Sy regterhand hou Hy sewe sterre; een simbolies vir elke gemeente wat aangespreek gaan word. Die swaard met twee snykante wat uit Sy mond kom, dui op suiwer regspraak, onweerstaanbare Goddelike geregtigheid. Geen regter of menslike regsisteem sal teen hierdie swaard staande kan bly nie. In sy geheel gesien, lyk Jesus in hierdie visioen soos die son wat op sy helderste skyn. Moses, lees ons in Eksodus 34:29 het iets hiervan verbeeld na sy gesprek met die

Here en die dissipels het tydens die verheerliking op die berg ook 'n voorsmaak daarvan ervaar, soos ons lees in Matteus 17:2 "*Daar het sy voorkoms voor hulle oë verander: sy gesig het begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig*."

Met goeie rede val Johannes neer, en lê voor die voete van die Here soos een wat dood is, beweginglloos voor die heerlikheid van die Here. Dan raak Jesus hom aan met die regterhand. Die regterhand oplê is simbolies van seën en volmag gee. Jesus lê 'n sekere taak aan Johannes op deur hom op die wyse aan te raak. Onmiddellik word Johannes se vrees aangespreek. As dissipel het hy die Here meer as een keer die woorde hoor uiter. Ons lees van die storm en Jesus wat op die water na hulle aangeloop kom. Jesus sê in Matteus 14:27 " *Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie*." Nou hoor hy dit vanuit die mond van die opgestane Heer. Die Here is soewerein en in beheer van alles. Johannes moet nie bang wees nie, want die Een wat aan hom verskyn, is die Here Jesus. Hy wat die eerste en die laaste is, 'n term wat die Here gebruik om Homself te beskryf. Hy was deel van die begin, God het immers deur die Woord geskep. Hy sal aan die einde weer kom. Hy is die Heer ook van die tussentyd. Hy lewe, Hy is die Lewe. Hy het gesterf en tog lewe Hy omdat Hy die dood oorwin het. Dit maak Hom anders as heidense gode, dooie skeppings van menslike ideale, wesens wat geen werklike bestaan het nie, wat nog te sê lewe en lewe kan gee of neem. In die Here se hande is die sleutels van *Hades* en dood. Sleutels in simboliese sin verwys na mag en beheer. Die Here het alle mag, Hy is in beheer, in Sy hand is selfs die sleutels van die dood en die doderyk.

Johannes kry weer die opdrag om neer te skryf, nie net wat is nie, maar ook wat sal gebeur. Die eerste opdrag was om aan die sewe gemeentes te skryf; hierdie opdrag word nou verder verfyn. Skrywe aan die gemeentes persoonlike boodskappe, maar skryf ook oor wat is en wat kom. Dit ondersteun net die gedagte dat die hele Openbaring aan elkeen van die gemeentes gerig was en by elkeen gelees is. Dit is 'n boodskap wat vir die hele kerk bedoel is. Die Apokalips gaan oor dit wat is en wat kom en hoe die twee met mekaar te make het.

Hoe kan ons verseker weet dat hierdie Openbaring van God kom? In Daniël 2:47 lees ons "*Werklik, julle God is die grootste van al die gode, Hy heers oor die konings en Hy openbaar geheime, want jy kon hierdie geheim bekend maak*." Dit is waarom die Here die betekenis van die sewe goue kandelare verklaar, en die sewe sterre wat Hy in Sy regterhand vashou verklaar. Die sewe kandelare is die sewe gemeentes. Sewe gemeentes is hier dan ook simbolies van die kerk in geheel. Dit is Hy wat wandel tussen kerke van alle tye, dit is Hy wat immer betrokke en teenwoordig is by die kerk. Hy staan midde in die geskiedenis van Sy kerk; wanneer dit goed gaan, en te midde van vervolging.

Die sewe "αγγελοι" is nie so maklik om te vertaal nie; die 1933/53-vertaling kies vir 'engele' terwyl die 1983 vertaling verwys na leraars. Die nuutste direkte vertaling kies vir 'boodskappers'. Daar is mense wat spekuleer dat die 'boodskappers' afgevaardigdes was wat na en van die sewe gemeentes gestuur is. Hulle sou dan die boodskap aan die gemeentes

oorgedra het. Leraars as vertaling blyk 'n verskaling van die konteks se betekenis te wees. Die konteks van die Apokalips maak die keuse vir 'engele' die beter een. Dit sluit leraars en boodskapper in, maar kan gewoon verwys na engele, dalk self beskermengele[1]. Die woord kan gewoon verwys na die gees wat in elke gemeente die heersende gees is. Die opdrag is skryf aan die boodskapper; terwyl dit duidelik aan die hele gemeente gerig is. Wat ookal die finale vertaling betekenis van die woord, die implikasie is duidelik. In die Here se hand rus die kerk, die leraar, die boodskapper, die gees van die tyd in elke kerk.

Teen hierdie agtergrond moet ons na onsself kyk as kerk, as gemeentes van die Here. Elke plaaslike gemeente is kerk, is gemeenskap van gelowiges wat ag moet slaan op die woorde van die Here. Al die vrae van vandag, al die eietydse kritiek, al die hedendaagse aanslae teen die kerk, kom vanuit die wêreld. Hoeveel moet ons ag slaan op insette uit hierdie oord? Sodra ons verstaan wat ons rol is, aan Wie ons behoort, sal ons kan antwoord.

Kort antwoord: Die kerk behoort aan die Here.

Wie is hierdie Here?

Langer antwoord: Openbaring begin met 'n Trinitariese seëngroet. Dit is God Drie-Enig wat besig is met Self-Openbaring. Die een wat aan die woord is, is die Woord. Dit is Hy deur wie ons God se volle openbaring ontvang. Hy is immers Immanuel. Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. Ons het in Sy wese met God te make wanneer ons die woord 'kerk' spreek. Kerk is ook 'n menslike organisasie, kerk kan in verskillende denominasies verskyn. Kerk, gemeentes kan nader of verder beweeg in terme van gehoorsaamheid en toewyding. Lou, koud en warm is eie aan verskillende geloofsgemeenskappe, soms dieselfde gemeenskap in verskillende tydperke. Hoe groot of klein die groep is, elke kerk het in die eerste instansie met die Here te make. Hy rig die Apokalips aan die kerke. Dit is die tuiste van gelowiges. Jy kan kwalik jouself gelowig noem en buite kerkverband lewe.

Jesus Christus is die Hoë Priester wat met Sy kerk besig is. Die finale offer is reeds gebring, die blye redding word nou aan mense bedien. Hy het alle wysheid en insig. Dit is dwaas om Sy oordele te bevraagteken; soos Job van ouds word ons tot swye gebring deur die Almagtige. Ons kan wel kennis neem van wat in ander gemeentes, in ander kerke aan die gebeur is. Ons kan waak daarteen dat ons nie in dieselfde slaggat as hulle val nie, ons het genoeg van ons eie struikelblokke. Die Een wat die kerk in Sy hande hou, het elke kerk afsonderlik in Sy hand en is met elke gemeente persoonlik besig. Dit is die algemene en die spesifiek van die Here se bemoeienis. Hy wat tussen die kerk van alle eeue beweeg, kyk indringend na elke geloofsgemeenskap. Elke gemeenskap sal verantwoording moet doen. Ons neem kennis van ander se probleme, maar fokus daarop om ons eie stoep skoon te kry.

Ons sou so graag na die NHKA se agenda wou kyk en praat oor kindernagmaal, oor die afwatering van sake soos blyk uit voorgestelde

[1] Ek wil nie nou meer oor die engele praat nie. Tog lees ons in Matteus 18:10 " "*Julle moet nooit een van hierdie kleintjies minag nie, want Ek verseker julle dat hulle engele in die hemel gedurigdeur by my hemelse Vader is*."

formuliere, maar dit is vir die Here om dit met hulle uit te sorteer. Gelukkig is ons ook in Sy hande, en ons eie foute moet aangespreek word, terwyl ons leer uit ander se uitdagings. Ja, ten spyte van verguising kan ons stel dat ons in die Here se hand is, dat Hy ons ken, met Sy deurdringende blik ons raaksien.

Ons gaan hierdie jaar praat oor volhoubare kerkwees. Ons moet dit doen in die wete dat die Een wat tussen ons wandel, voete van suiwer metaal het. Al kom en gaan kerke, al stig gemeentes terug en verdwyn, die Koning van hierdie ryk het nie voete van klei nie. Selfs al verdwyn hele denominasies, groei die Here se kerk steeds, omdat die kerk aan Hom behoort. Ons kan net hoop om lank diensbaar te wees. Sy verskyning laat die sonskyn verbleek. Hoeveel te meer sal Sy heerlikheid die wêreld nie verlig nie. Ons is deur Hom opdragte gegee; ons sal nie van Sy deurdringende blik kan ontsnap nie.

Juis daarom kan ons nie soos dooies neerval en magteloosheid pleit nie. Dit is dieselfde Here wat self ons die hand oplê. Dit is Hy wat ons seën en opdragte gee. Ons word geroep tot optrede. Hierdie optrede is nie redelose lukraak optrede nie. Ons word met die nodige inligting diensbaar gemaak. Die Here stuur ons nie blind en onkundig na die slagveld nie, Hy openbaar wat is en wat kom aan ons, sodat ons met begrip die stryd van geloof end-uit sal voer. Die opdrag kom van die Een wat selfs die mag oor dood en doderyk het. Dit waarmee ons nou besig is, word begrens deur ons eie sterflikheid. Die Een wat in beheer is, bly deur die eeue die Een aan wie die kerk behoort. Volhoubare kerkwees is dan in 'n sekere sin 'n *contradictio in terminis*, 'n stelling wat in homself teenstellings bevat. Volhoubaar kerkwees kan die indruk skep dat ons in beheer is. Kerk is die Here se saak. Ons kan op die meeste besig wees met soeke na om so lank moontlik, op volhoubare wyse, die Here te dien. Ons mislukkings onderstreep Sy mag en beheer. Die Here is in beheer, ons word geroep tot gehoorsame diens, niks meer en niks anders nie. Hy oorwin, selfs te midde van ons swakheid en struikeling.

Amen